

Study Opportunities

September 2014

REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE

Graad 12

Vraestel 2 – Skriftelike vraestel

TYD: 3 UUR

PUNTE: 150

Hierdie vraestel bestaan uit **15** bladsye (titelbladsy ingesluit).

Instruksies en inligting

1. Hierdie vraestel bestaan uit drie afdelings: Afdeling A (25 punte), Afdeling B (75 punte) en Afdeling C – die geïntegreerde scenario (50 punte).
 2. Beantwoord al die vrae.
 3. Lees die vrae noukeurig en let op na die punttoekenning by elke vraag. Oor die algemeen word 'n punt per feit toegeken. 'n Vraag wat TWEE PUNTE tel sou daarom TWEE FEITE vereis, ens.
 4. Nommer die antwoorde soos op die vraestel.
 5. Laat 'n reël oop na ELKE subvraag.
-

AFDELING A

Vraag 1

Kies die korrekte antwoord vir elke vraag. Skryf in die linkerkantlyn van jou bladsy slegs die *nommer* van elke vraag en langsaan die enkele hoofletter wat die beste antwoord verteenwoordig, byvoorbeeld 1.11 A.

- 1.1 Watter een van die volgende is 'n toevoertoestel?
- A. webkamera
 - B. oorfone
 - C. *flash*-skyf
 - D. dataprojektor (1)
- 1.2 Watter een van die volgende is NIE 'n eienskap van 'n toegewyde rugsteunprogram nie?
- A. Jy kan 'n tyd opstel wanneer lêers gerugsteun moet word.
 - B. Jy kan kies dat net lêers wat sedert die laaste rugsteun verander het, gerugsteun moet word.
 - C. Jy kan die rugsteunprogram opstel sodat dit die hardeskyf formateer voor rugsteun gemaak word.
 - D. Om stoor spasie te spaar kan die lêers op die rugsteunmedia saamgepers word. (1)
- 1.3 Watter een van die volgende stellings oor woordverwerker-lêertipes is ONWAAR?
- A. Die meeste woordverwerkers kan dokumente met 'n .RTF-uitbreiding oopmaak.
 - B. As jy 'n *Word*-dokument met 'n .TXT-uitbreiding stoor sal alle formatering verlore gaan.
 - C. 'n *Word*-dokument met 'n .DOCX-uitbreiding kan as 'n PDF-lêer gestoor word.
 - D. Dokumente wat met nuwer weergawes van 'n woordverwerker geskep en gestoor is, kan altyd met 'n ouer weergawe van dieselfde woordverwerker oopgemaak word. (1)
- 1.4 Watter een van die volgende nutsprogramme kan gebruik word om meer stoor spasie beskikbaar te maak deur tydelike lêers te verwyder?
- A. Skyf-defragmenteerder
 - B. Rugsteunprogrammatuur (*Backup software*)
 - C. Disk cleanup
 - D. Recycle bin (1)

- 1.5 Watter een van die volgende sal NIE help om spanning op die oë te verminder as jy met 'n rekenaar werk nie?
- A. Die gebruik van ergonomies ontwerpte toevoertoestelle
 - B. Die vermindering van weerkaatsing wat veroorsaak word deur skerms wat verkeerd geplaas is
 - C. Die dra van 'n bril om spanning op die oë te verminder
 - D. Deur elke nou en dan van die skerm af weg te kyk (1)
- 1.6 Watter een van die volgende is NIE 'n voorbeeld van *metadata* nie?
- A. Die skrywer (*author*) van 'n dokument
 - B. Die style wat in 'n woordverwerkingsdokument gebruik is
 - C. Die datum waarop 'n dokument laas verander is
 - D. Die resolusie van 'n foto wat as 'n grafiese lêer gestoor is (1)
- 1.7 Watter een van die volgende stellings oor sosiale netwerke en virtuele gemeenskappe is ONWAAR?
- A. Sosiale netwerktuistes kan geld maak deur inligting oor hul gebruikers te verkoop.
 - B. Waze help jou om vriende te vind deur 'n 'check-in'-opsie, bygestaan deur GPS-tegnologie, te gebruik.
 - C. Daar is 'n beperking op die aantal karakters wat in 'n enkele Twitter-boodskap gebruik mag word.
 - D. Sosiale netwerkdienste het die manier waarop mense sake doen, verander. (1)
- 1.8 Watter een van die volgende is 'n voorbeeld van 'n populêre *e-reader*?
- A. iPad
 - B. Notebook
 - C. Phablet
 - D. Kindle (1)
- 1.9 Watter van die volgende terme verwys na 'n situasie waar gebruikers om die bos gelei word sodat hulle op 'n item op 'n webblad klik wat eintlik soos 'n skakel (*link*) werk?
- A. Click-jacking
 - B. Spoofing
 - C. Pharming
 - D. Phishing (1)
- 1.10 Watter een van die volgende pas nie logies in saam met die ander nie?
- A. Mozilla Firefox
 - B. Internet Explorer
 - C. Google Chrome
 - D. Outlook Express (1)

[10]

Vraag 2

Sê of jy dink elk van die volgende stellings is WAAR of ONWAAR. As jy dink die stelling is ONWAAR, skryf die woord 'Onwaar', en langs dit die woord(e) wat die onderstreepte woord(e) moet *vervang* om die stelling WAAR te maak.

Voorbeeld 1: 'n Drukker is 'n voorbeeld van 'n afvoertoestel.

Antwoord: Waar

Voorbeeld 2: 'n Drukker is 'n voorbeeld van programmatuur.

Antwoord: Onwaar – **apparatuur**.

2.1 'n *Trackball* is 'n tipe wysertoestel wat met GUI-tipe programmatuur gebruik kan word.

2.2 Die prentjie hier langs is 'n voorbeeld van 'n biometriese toets wat gebruik word om vas te stel of dit regtig 'n mens is wat met die rekenaar kommunikeer:



2.3 BYOD gebruik klein radio-toestelletjies om data te stoor en oor te dra.

[5]

Vraag 3

Skryf in die linkerkantlyn van jou bladsy slegs die *nommer* van die vraag in kolom A, en langs die gepaste *hoofletter* van kolom B, byvoorbeeld 3.11 T.

Kolom A		Kolom B
3.1	Programmatuur wat gebruik word om hardekopie-teks te verwerk tot redigeerbare digitale teks	A. VoIP
3.2	Voorbeeld van 'n bedryfstelsel	B. GPS
3.3	Tegnologie vir die stuur van stemkommunikasie oor die Internet	C. ROM
3.4	'n Standaard wat dit moontlik maak vir toestelle soos slimfone om koordloos te konnekteer deur hulle net aan mekaar te laat raak of naby mekaar te bring	D. DPI
3.5	Soort geheue waar 'n rekenaar se 'start-up'-instruksies gestoor word	E. NFC
3.6	Eenheid waarin die resolusie van 'n skandeerder (<i>scanner</i>) gemeet word	F. OS X
3.7	Datatipe (in <i>Access</i>) wat gebruik word om grafika, klank en video te stoor	G. IM
3.8	Metode om geld elektronies via die Internet oor te dra	H. EFT
3.9	Tegnologie wat in mobiele toestelle gebruik word om jou ligging te bepaal	I. DIMM
3.10	Beleid wat gebruikers se regte en verantwoordelikhede binne 'n netwerk omskryf	J. RAM
		K. OCR
		L. OSS
		M. AUP
		N. MICR
		O. HTML
		P. OLE

[10]

AFDELING B

Vraag 4: Stelseltegnologieë

- 4.1 Toevoer is die eerste stap in enige inligtingverwerkingstelsel.
- 4.1.1 Noem die ander twee stappe in die inligtingverwerkingsiklus, behalwe die stoor of oordrag van data. (2)
 - 4.1.2 Verduidelik waarom dit belangrik is dat toevoertoestelle *ergonomies* ontwerp moet wees. (1)
 - 4.1.3 Beskryf kortliks een nadeel of beperking van die gebruik van 'n raakblad (*touch pad*). (1)
 - 4.1.4 Noem 'n soort toevoertoestel wat 'n siggestremde of blinde persoon kan help om data mee in te voer. (1)
- 4.2 Die aankoop van 'n rekenaar kan duur wees. Dit is dus belangrik om die regte besluite te neem.
- 4.2.1 Watter TWEE apparatuurkomponente, buiten die bergingtoestelle (hardeskyf, ens.), is oor die algemeen die belangrikste vir die effektiewe werking van 'n rekenaar? (2)
 - 4.2.2 SSD's is besig om in sekere gevalle as alternatief vir die hardeskyf beskou te word.
Gee TWEE redes waarom SSD's NIE hardeskywe as 'n rekenaar se hoofstoortoestel vervang het nie, ten spyte van al die voordele van SSD's. (2)
- 4.3 'n LED-monitor word met die volgende spesifikasies geadverteer:
- 23" 16:9 Wide Screen
VGA and HDMI output
- 4.3.1 Gee die eenheid waarin die 23"-spesifikasie gemeet word. (1)
 - 4.3.2 Waarna verwys die 16:9-spesifikasie? (1)
 - 4.3.3 Gee EEN rede waarom HDMI as afvoermetode 'n voordeel bo VGA het. (*Moenie net 'beter beeldkwaliteit' as jou antwoord gee nie.*) (1)
- 4.4 Gee EEN voordeel en EEN nadeel van die neem van digitale foto's teen die grootste moontlike resolusie van die digitale kamera. (2)
- 4.5 Gee die hoofvoordeel van oopbronprogrammatuur in vergelyking met eiendomsregtelike programmatuur (*proprietary software* – aangekoopte programmatuur), afgesien van enige koste-aspek. (1)

- 4.6 'n Gebruiker installeer 'n tweede hardeskyf (E-aandrywer) in sy tafelrekenaar om rugsteunlêers te stoor. Die oorspronklike lêers is op die C-aandrywer op dieselfde rekenaar gestoor. Bestudeer die volgende beskrywing van 'n lêer en antwoord die vrae wat volg:
- E : \ BACKUP \ ACCOUNTS \ APRIL.ZIP**
- 4.6.1 Gee die alledaagse naam vir die opeenvolging van lêergidse wat lei tot by die ligging van die lêer APRIL.ZIP. (1)
- 4.6.2 Verduidelik die moontlike voordeel daarvan om hierdie lêer 'n 'read-only'-lêer te maak. (2)
- 4.6.3 Die lêer APRIL.ZIP is saamgepers (ge-zip) wat beteken dat die lêergrootte verklein is. Wat is die voordeel van 'n kleiner lêergrootte? (1)
- 4.6.4 Verduidelik waarom dit nie 'n goeie idee is om rugsteunlêers op dieselfde rekenaar te stoor as waarop die oorspronklike lêers is nie. (1)
- 4.7 Behalwe hul kernfunksies voorsien bedryfstelsels ook ander nuttige programme, bekend as nutsfasiliteite of -programme (*utilities*).
- 4.7.1 Verduidelik kortliks waarvoor 'n skeduleringsprogram ('scheduler program') gebruik word. (1)
- 4.7.2 Noem, behalwe die lêernaam, EEN ander kriterium wat 'n lêerbestuurder (*file manager*) soos Windows Explorer kan gebruik om 'n lêer te soek. (1)
- 4.7.3 Watter kortpadsleutelkombinasie kan gebruik word om die Task Manager oop te maak?
Waarvoor word hierdie fasiliteit meestal gebruik? (2)
- 4.8 Noem EEN manier waarop lêers van 'n skootrekenaar na 'n slimfoon oorgedra kan word, behalwe die gebruik van 'n USB-kabel. (1)

[25]

Vraag 5: Internet- en Netwerktegnologieë

- 5.1 Webgebaseerde toepassings voer op bedieners op die Internet uit – ons verwys daarna as 'cloud computing'.
- 5.1.1 Beskryf wat 'n bediener is in terme van sy basiese funksie in 'n netwerk. (1)
- 5.1.2 Solank daar 'n Internetkonneksie beskikbaar is, het webgebaseerde toepassings die voordeel dat hulle binne bereik van enige rekenaartoestel, enige plek in die wêreld is.
Gee nog TWEE goeie redes waarom mens webgebaseerde toepassings bo programmatuur wat op jou eie lokale rekenaar geïnstalleer is, sou kies. (2)
- 5.2 Die proses waarvolgens webdeurblaaiers webinhoud en blaaie wat onlangs besoek is op die hardeskyf stoor, word *web caching* genoem.
Wat is die hoofrede vir die gebruik van *web caching*? (1)
- 5.3 Gee TWEE praktiese voorbeelde van hoe hulpbronne op 'n netwerk gedeel word. (2)

5.4 Die meeste mense verkies ADSL wanneer hulle met 'n vaste telefoonlyn (d.w.s. NIE koordloos nie) aan die Internet konekteeer.



5.4.1 Die ADSL-roeteerder op die prentjie hierby het 'n klein lugdraad (*aerial*).

Verduidelik kortliks die doel van die lugdraad aan 'n ADSL-roeteerder. (1)

5.4.2 Gee EEN potensiële nadeel van ADSL, buiten die feit dat dit jou nie *mobiele* Internettoegang gee nie. (1)

5.4.3 Watter tipe koordlose tegnologie kan gebruik word indien daar nie 'n vaste telefoonlyn beskikbaar is nie? (1)

5.5 Paraatheid en bewustheid van die jongste kriminele metodes is noodsaaklik vir die veilige gebruik van die Internet.

5.5.1 Verduidelik wat *keyloggers* is en hoekom hulle so gevaarlik is. (2)

5.5.2 Beskryf kortliks wat 'n *Trojan* is (die soort wat deur rekenaarmisdadigers gebruik word). (1)

5.6 'n Aantal *apps* vir *podcasts* is op die Android- en die iPhone-platforms beskikbaar.

5.6.1 Gee 'n ander woord vir die term 'platform', in die konteks van die bogenoemde stelling. (1)

5.6.2 Gee 'n algemene beskrywing van wat 'n *podcast* is. (2)

[15]

Vraag 6: Inligtingsbestuur

6.1 Bestudeer die volgende twee maniere om dieselfde inligting van respondente te verkry, in 'n opname oor mense se gebruik van kantoor-toepassingsprogrammatuur:

A

Kies TWEE opsies deur 'n 'X' in die relevant hokkies te maak

Met watter program in die MS Office-suite werk jy die graagste?

Access	<input type="checkbox"/>
Publisher	<input type="checkbox"/>
Outlook	<input type="checkbox"/>
PowerPoint	<input type="checkbox"/>

B

Met watter program in die MS Office-suite werk jy die graagste?

Antwoord deur TWEE relevante programtipes in die spasies wat voorsien word, neer te skryf:

.....

.....

6.1.1 Verduidelik wat die voordeel sou wees van die gebruik van weergawe B, eerder as weergawe A, vir hierdie spesifieke vraag in die opname. (1)

6.1.2 Gee TWEE redes waarom dit oor die algemeen beter is om 'geslote' vrae met die opstel van vraelyste te gebruik, soos in weergawe A hierbo. (2)

- 6.2 In die Inligtingsera waarin ons leef is baie van die inligting wat ons hanteer alreeds in digitale formaat.
Gee TWEE voordele daarvan om inligting te hê wat alreeds in digitale formaat is. (2)
- 6.3 Sigblaai en databasis is al twee kragtige hulpmiddels wanneer ons met data werk. Sigblaai het egter beperkinge wanneer ons hulle met databasis vergelyk.
Gee TWEE redes waarom dit beter is om 'n databasis te gebruik wanneer ons met sekere soorte data werk. (2)
- 6.4 Dit is belangrik dat data wat in 'n databasis ingevoer word, akkuraat en sonder foute moet wees.
Gee TWEE databasihulpmiddels wat gebruik kan word om te verseker dat die data wat in 'n veld ingevoer word, geldig is. (2)
- 6.5 Verduidelik kortliks wat 'n *delimiter* is in die konteks van die invoer van 'n tekslêer met mense se name en adresse na Access toe. (1)

[10]

Vraag 7: Sosiale Implikasies

- 7.1 Die kritiek word dikwels uitgespreek dat inligtings- en kommunikasietegnologie baie duur vir besighede is.
- 7.1.1 Noem TWEE maniere waarop IKT die lopende koste van 'n maatskappy kan verhoog, behalwe vir die aanvanklike aankoop van enige apparatuur of programmatuur. (2)
- 7.1.2 Beskryf kortliks TWEE praktiese maniere waarop IKT vir 'n maatskappy geld kan bespaar. (2)
- 7.2 In die hedendaagse lewe ly baie mense aan 'inligtingsoorlading'.
Gee TWEE strategieë wat kan help om inligtingsoorlading te voorkom. (2)
- 7.3 Die hoofpreker by die skool se IKT-loopbaangeleentheid gebruik verskeie keer die woorde 'telependel' (*telecommuting*).
- 7.3.1 Verduidelik kortliks die betekenis van die term *telecommuting* soos dit op die hedendaagse werksplek van toepassing is. (1)
- 7.3.2 Gee EEN voordeel van *telecommuting*. (1)
- 7.4 Gee 'n kort definisie van die term sosiale manipulasie (*social engineering*), in die konteks van rekenaarmisdaad. (2)

[10]

Vraag 8: Oplossingsontwikkeling

8.1 Beskryf wat elk van die volgende woordverwerkingsfunksies 'doen' of waarvoor hulle gebruik word:

8.1.1 *Widow/Orphan control* (1)

8.1.2 *Voetnota (Footnote)* (1)

8.1.3 *Sagte enter* (1)

8.2 Ondersoek die volgende skermkopie van 'n paragraafgedeelte in 'n *Word*-dokument:

On the Insert tab, the galleries include several very useful items that are specifically created and designed to coordinate with the overall look of your document. When you engage with objects and diagrams you can use these galleries to insert tables, headers

8.2.1 Watter soort inkeping (*indent*) is aan die linkerkant van die paragraaf gebruik? (1)

8.2.2 Noem EEN formateringseienskap, behalwe enige inlynstellingsopsies, wat verander kan word om die paragraaf makliker leesbaar te maak. (1)

8.3 Bestudeer die volgende uittreksel uit 'n werkgewer se *Excel*-werkblad. Die werkblad is ontwerp om te bereken hoeveel ure sekere personeellede gewerk het.

	A	B	C	D
1	Naam	Tyd Begin	Tyd Einde	Ure Gewerk
2	James P	08:00	12:00	00:00
3	Mogwadi F.	08:30	12:15	18:00
4	Van Blerk J.	08:15	13:00	18:00
5	Swanepoel H.	09:00	11:30	12:00


8.3.1 Die regte formule is in kolom D gebruik om die aantal werksure te bereken, maar die resultaat vertoon nie korrek nie.

Verduidelik wat gedoen moet word om die aantal werksure korrek te vertoon. (*Let op dat dit NIE nodig is om die kieslysopsies of werklike muisklikke benodig in jou antwoord te beskryf nie.*) (1)

8.3.2 Die uittreksel hierbo is deel van 'n veel langer werkblad. Wanneer mens in die werkblad met die lys name afrol (*scroll*), 'verdwyn' die opskrifte in ry 1 van die bokant van die werkblad af.

Gee die naam van die sigbladeienskap wat gebruik kan word om die opskrifry(e) boaan die skerm behoue te laat bly. (1)

8.3.3 Toe daar 'n drukstuk van die werkblad gemaak moes word, is daar besluit om die volgende keuse wat in die dialooghokkie verskyn het, te gebruik:

Rows to repeat at top: 

Verduidelik kortliks waarom die werkgewer besluit het om die opsie 'Rows to repeat at top' te gebruik toe 'n drukstuk gemaak is. (1)

8.4 Die volgende veldname is in 'n databasistabel gebruik om die rekords van leerders in 'n sekere skool te stoor:

Van
Geboortedatum
Ouderdom
Graad_Span

8.4.1 Verduidelik waarom geeneen van die bestaande velde geskik sou wees as 'n primêre sleutel vir hierdie tabel nie, deur die noodsaaklike vereiste van 'n primêre sleutel te gee. (1)

8.4.2 Verduidelik waarom dit onnodig is om *Ouderdom* as 'n veld in hierdie tabel in te sluit. (1)

8.4.3 *Van* is 'n teksveld met 'n verstekveldgrootte van 255. Dit is te groot en behoort kleiner gemaak te word.
Verduidelik waarom mens gewoonlik versigtig moet wees om die grootte van 'n teksveld in 'n databasistabel kleiner te maak. (1)

8.4.4 Die veld *Graad_Span* word gebruik om beide die graad en die span van 'n leerder te stoor.
Verduidelik waarom dit nie 'n goeie idee is om twee verskillende stukkies inligting saam in dieselfde veld in 'n databasistabel te stoor nie. (1)

8.5 Ondersoek die volgende stukkie HTML-kode, wat gebruik word om die prent *building.jpg* op 'n webblad te plaas:

```
<img alt = "New school building" src = "building.jpg" width = "100" height = "75" >
```

8.5.1 Gee TWEE redes waarom die *width*- en *height*-attribute in die *image tag* ingesluit is. (2)

8.5.2 Gee die eenheid waarin die wydte- en die hoogte-attribute gespesifiseer is. (1)

[15]

AFDELING C

Scenario:

Die skool het besluit om 'n skoolkoerant uit te gee. Vir die redigering van die koerant sal die seniors se rekenaarkamer gebruik word. Daar is drie rekenaars in 'n netwerkverbinding en 'n skandeerder. Die Graad 12 RTT-klas is gevra om te kyk hoe die apparatuur en programmatuur tans daar uitsien, en om met die projek te help.

Vraag 9: Geïntegreerde Scenario

9.1 'n Addisionele tafelrekenaar sal in die rekenaarkamer benodig word. Bestudeer die volgende advertensie van 'n plaaslike rekenaarwinkel en beantwoord die vrae wat volg:

The advertisement features a black box with the text "PC BOX ONLY" in white. To the right of this box is a large white star with the text "BEST BUY!" in black. A line connects the "PC BOX ONLY" box to a list of specifications in a white box with a black border:

- Midi Tower Case
- Intel Pentium Dual Core 2.6 GHz
- Gigabyte motherboard
- 4 GB DDR RAM
- 500 GB Hard Drive
- DVD Super Multi Writer

- 9.1.1 Die advertensie is vir 'n *intreevlak*-rekenaar.
Gee EEN voordeel en EEN nadeel van die koop van 'n intreevlak-rekenaar.
Onderskei duidelik tussen die voordeel en die nadeel in jou antwoord. (2)
- 9.1.2 Die skool het besluit om die rekenaar soos hierbo geadverteer te koop.
Noem een afvoertoestel wat nog benodig word voordat die rekenaar gebruik sal kan word en wat NIE op die lys van geadverteerde items voorkom nie. (1)
- 9.1.3 Identifiseer een item wat as opsioneel beskou kan word, d.i. nie vir die daaglikse gebruik van die rekenaar benodig word nie.
Motiveer jou antwoord. (2)
- 9.2 Ross, die RTT-leerder wat die meeste van rekenaars weet, het die nuwe rekenaar opgestel en 'n bedryfstelsel en antivirusprogrammatuur daarop geïnstalleer. Wat is die mees waarskynlike rede vir elk van die volgende?
- 9.2.1 Waarom was dit nie vir Ross nodig om 'n NIC (*network interface card*) in die rekenaar in te bou om aan die netwerk te koppel nie? (1)
- 9.2.2 Hoekom het Ross besluit om nie die bedryfstelsel te rugsteun nadat hy dit geïnstalleer het nie? (1)
- 9.2.3 Hoekom het Ross die *disk defragmenter* ingestel om ná skoolure uit te voer? (1)
- 9.2.4 Toe Ross 'n spesifieke fout in die programmatuur wou regmaak, het hy besluit om die Windows 7 *service pack* te installeer, eerder as 'n *patch*. (1)

- 9.3 'n Drukker moet aangekoop word om vir die drukmaatskappy en vir die hoof proefkopieë van die koerant te maak.
- 9.3.1 Gee EEN voordeel en EEN nadeel van die gebruik van 'n inkspruitdrukker vir hierdie doel.
Onderskei duidelik tussen die voordeel en die nadeel in jou antwoord. (2)
- 9.3.2 Wat sal die hoofvoordeel wees om 'n drucker wat 'n ingeboude WiFi-ontvanger het, te koop? (1)
- 9.4 Fayeez, een van die groep, het aan die goeie idee gedink om die koerant (of dele daarvan) aanlyn te publiseer, benewens die papierweergawe! Hy het ook gehoor dat mens selfs 'n *blog* deur *Word* kan publiseer.
- 9.4.1 Gee TWEE voordele wat 'n aanlyn weergawe van die koerant bo die gedrukte weergawe vir die lesers sal hê. (2)
- 9.4.2 Beskryf kortliks hoe Fayeez sy webblaaier kan opstel sodat die webblad van die koerant outomaties oopmaak wanneer hy sy webblaaier oopmaak. (1)
- 9.4.3 Fayeez het besluit om WordPress vir hul *blog*-verskaffer te gebruik omdat dit *Word* ondersteun.
Behalwe vir die URL van die *blog*, is daar twee stukkies inligting wat hy sal moet verskaf wanneer hy 'n hoësekuriteit-*blog*-rekening wil oopmaak (nie net d.m.v. WordPress nie). Wat is hierdie twee stukkies inligting? (2)
- 9.4.4 Fayeez het ook op 'n paar ander *blogs* en nuuswebtuistes ingeteken maar hy voel gefrustreerd omdat hy almal met die hand moet deurgaans om die jongste inligting daarop te kan sien.
Stel 'n manier voor hoe hierdie tydrawende proses geoutomatiseer kan word. (1)
- 9.4.5 Gebruikers wat die koerant aanlyn wil lees, sal dalk 'n *plug-in* vir hulle webblaaiers moet installeer.
Verduidelik waarom *plug-ins* dalk vir die webblaaier nodig mag wees. (1)
- 9.5 Danie word aangestel om die onderhoud van die rekenaars te doen.
- 9.5.1 Hy het agtergekom dat een van die rekenaars stadiger as gewoonlik werk, veral tydens multitaakverwerking (wanneer verskeie take gelyktydig uitgevoer word). Dit het nie gehelp om die hardeskyf te defragmenteer nie.
Gee TWEE algemene maniere om 'n 'stadige' rekenaar vinniger te laat werk, behalwe om die hardeskyf te defragmenteer. (2)
- 9.5.2 Danie het 'n ongebruikte UPS in die stoorkamer ontdek en beplan om dit in die rekenaarkamer by die bediener te installeer.
Beskryf kortliks waarom dit voordelig is om 'n UPS aan 'n rekenaar te koppel. (1)
- 9.5.3 Daar is besluit om 'n ekstra hardeskyf aan te koop om meer stoor spasie te kry.
Gee TWEE redes hoekom dit beter sal wees om 'n eksterne eerder as 'n interne hardeskyf te koop. (2)

9.5.4 Al die apparatuuritems op die voorraadlys van die rekenaars beskik oor strepieskodes.

Gee aan Danie EEN voordeel van die gebruik van 'n stelsel met strepieskodes, behalwe vir die feit dat die skandering van strepieskodes baie vinniger is as om kodes met die hand in te sleutel. (1)

9.6 Die argief (permanent gestoorde data) van vorige uitgawes van die koerant sal mettertyd 'n hele aantal *gigabytes* se stoor spasie benodig. Fayeez het gehoor dat *Google Drive* 'n goeie stooroplossing is. Verduidelik kortliks elk van die volgende:

9.6.1 Waarom is 'n USB-poort nie nodig om *Google Drive* te gebruik nie? (1)

9.6.2 Waarom gaan *Google Drive* dalk nie die beste oplossing vir hulle wees nie? (Hulle wil dit gebruik om vorige uitgawes te argiveer.) (1)

9.7 Die groep het die rekenaars begin gebruik en is besig om aan die eerste uitgawe van die koerant te werk. Hulle vra jou raad vir 'n aantal 'probleme' wat hulle ervaar.

9.7.1 Die onderstaande afbeelding toon die drukkers wat op een van die rekenaars geïnstalleer is.

Verduidelik kortliks wat gedoen moet word sodat die gebruiker outomaties na die HP Officejet-drukker sal druk, d.i. sonder om die drukker vanaf 'n aftrekkieslys te kies. (1)



9.7.2 Paul het 'n kopie van die koerant na 'n drukker gestuur maar het vergeet om *draft mode* te kies. Voor die drukker begin druk het, het Paul die drukker afgeskakel om te voorkom dat die kopie gedruk word.

Verduidelik aan Paul wat hy eerder moes gedoen het om die drukproses te stop deur te verwys na die konsepte van 'n drukkertou (*printer queue*) en *spooling*. (2)

9.7.3 Die drukker se ink het opgeraak. Paul het die leë inkkasset uitgehaal en dit in die asblik gegooi.

Verduidelik *waarom* hy eerder die kasset na die vervaardiger moes teruggestuur het, of dit hervul het, behalwe vir enige koste-implikasies. (1)

9.7.4 Ross wil 'n e-pos aan beide Joey en sy Engelse onderwyser stuur rakende Joey se swak spelling. Ross wil egter nie hê Joey moet weet dat hy die e-pos ook aan sy Engelse onderwyser gestuur het nie.

Beskrif hoe Ross die adresgedeelte van die e-pos vir elk van die ontvangers moet opstel. (2)

9.7.5 Die groep moet in kontak bly met hul borge in die gemeenskap maar die e-pos-adresse en selnommers van die borge is ongelukkig nie beskikbaar nie.


Noem EEN manier hoe hulle elektronies in kontak kan bly. (1)

- 9.7.6 In een van haar artikels het Sibu die woorde ‘ubiquitous’ en ‘redolent’ gebruik. Dit is egter nie algemene woorde wat almal sal verstaan nie.
Watter eienskap van ’n woordverwerker kan Sibu gebruik om eenvoudiger, meer verstaanbare weergawes van hierdie woorde te vind? (1)
- 9.7.7 Danie is ongelukkig omdat sy antiviruspakket nog steeds e-pos ‘deurlaat’ wat uitvissingsbedrog (*phishing*) bevat.
Verduidelik kortliks die verskillende rolle wat e-pos speel in
 - die verspreiding van rekenaarvirsusse, en
 - *phishing*. (2)
- 9.8 Ross wil vir ’n vriend ’n aantal jpg-lêers stuur. Die lêers is egter te groot om aan ’n e-pos geheg te word.
- 9.8.1 Gee ’n rede waarom lêerkompressie in hierdie spesifieke geval die lêers moontlik NIE klein genoeg sal kan maak om aan ’n e-pos te heg nie. (1)
- 9.8.2 Gee EEN ander manier om die lêers elektronies te stuur, sonder om die grootte daarvan kleiner hoef te maak. (1)
- 9.9 Ross moes tydens die installasie van nuwe programmatuur die terme van die EULA (*End User License Agreement*) aanvaar.
- 9.9.1 Verduidelik in jou eie woorde wat ’n EULA is. (1)
- 9.9.2 Verduidelik die verskil tussen ’n *single user*-lisensie en ’n *site*-lisensie. (2)
- 9.10 Terwyl Sam besig was om ’n onderwerp op die Web na te vors, het ’n lastige venstertjie met ’n advertensie oor vakansies in Mauritius bly opspring.
- 9.10.1 Gee die algemene naam vir hierdie tipe venster wat outomaties, sonder jou toestemming, verskyn terwyl jy na ’n webblad kyk. (1)
- 9.10.2 Beskryf kortliks die beste manier hoe Sam kan voorkom dat hierdie tipe vensters in die vervolg sal opspring. (1)
- 9.11 Die RTT-onderwyser wil graag ’n *Het u geweet?*-artikel oor interessante IKT-feite insluit en het die groep genader om hulle insette ten opsigte van die volgende te kry:
- 9.11.1 Die onderstaande afbeelding wys die QR (‘Quick Response’)-kode van die URL van die Wikipedia- mobiele tuisblad (<http://en.m.wikipedia.org>):



- Gee die hoofvoordeel van ’n QR-kode bo konvensionele strepieskodes en sê ook watter tipe toestel gewoonlik gebruik word om QR-kodes te ‘lees’. (2)

9.11.2 Selfs Google het begin om die geslote slot in die adresbalkie van webblaaiers te vertoon, soos gesien kan word in die onderstaande skermkopie:




Verduidelik die belangrikheid van die 'geslote slot' in 'n webblaaier. (1)

9.11.3 "There are over 10 million iPads in the education system, with 300+ South African schools having rolled out iPads in their classrooms."

Source: <http://www.iparent.co.za>

- Noem die *tipe* rekenaar wat deur die gewilde iPad-reeks verteenwoordig word.
- Gee ook, buiten enige koste-implikasies, EEN voordeel daarvan om iPads in die klaskamer te gebruik, bo die gebruik van gewone tafelrekenaars in 'n toegewyde rekenaarlokaal. (2)

9.11.4 Opwindende nuus! Die SETI@home projek laat JOU toe om deel te wees van die soektog na buiteruimtelike intelligensie (lewe op ander planete), deur middel van *grid computing*.



Verduidelik kortliks wat 'grid computing' behels. (1)

[50]

TOTAAL: 150